# Resensies / Reviews

Bonhoeffer, Dietrich. 2008. **Wat dissipelskap kos: genade wat alles van jou vra.** Wellington: Lux Verbi.BM. (*F.W. de Wet*) ........ 307

Jonker, Lewis & Manzunu, Emmanuel. 2008. **Playing the water dance.** Stellenbosch: Sun Press. (*E.S. van Eeden*) ........ 310

Dames, Gordon E., *ed.* 2009. **Ethical leadership and the challenges of moral transformation.** Stellenbosch: Sun Press. (*J. Zaaiman*) ........ 313

Van Schoor, M.C.E. 2009. **Marthinus Theunis Steyn: regsman, staatsman en volksman.** Pretoria: Protea Boekhuis. (*A. Wessels*) ........ 315

Versfeld, Martin. 2009. **Pots and poetry and other essays.** Pretoria: Protea Book House. (*H. Hoogstad*) ........ 317

Potgieter, Thean & Pommerin, Reiner, *eds.* 2009. **Maritime security in Southern African waters.** Stellenbosch: Sun Press. (*T. Neethling*) ........ 320

## Resensies / Reviews

# Nabootsers van God?

**Bonhoeffer, Dietrich.** 2008. **Wat dissipelskap kos: genade wat alles van jou vra.** Wellington: Lux Verbi.BM. 396 p. Prys: R139,95. ISBN: 978 07963 0566 4.

**Resensent**: F.W. de Wet
Praktiese Teologie, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

In *Wat dissipelskap kos: genade wat alles van jou vra* ('n vertaling van 'n werk wat oorspronklik in Duits uitgegee is onder die titel *Nachfolge*) ontdek die Afrikaanse leser een van die klassieke Christelike publikasies van die vorige eeu. In die inleidende woord tot die Afrikaanse vertaling wys John de Cruchy op die belangwekkende betekenis van hierdie klassieke werk vir ons tyd en konteks. Bonhoeffer se kritiek op "goedkoop genade" en sy aandrang op "duur genade" spreek vandag nog tot mense wat vir 'n meer egte Christelike getuienis in die wêreld stry. Die onderskeid in Suid-Afrika tussen "goedkoop versoening" (dit wil sê sonder om deur die skuld van die verlede te werk en vir geregtigheid in die samelewing te ywer) en "duur versoening" (wat vereis dat albei plaasvind) kan teruggevoer word na die kernboodskap van hierdie boek.

Daar is baie geskryf oor die manier waarop *Nachfolge* (wat in 1937 vir die eerste keer gepubliseer is) teen die agtergrond van omstandighede in die Lutherse kerk in Duitsland gedurende die Nazi-era ontstaan het. Daar is ook baie geskryf oor die manier waarop die koste van dissipelskap in die persoonlike lewensgeskiedenis van Bonhoeffer tot uitdrukking gekom het. Bonhoeffer sien in die kerklike lewe van sy tyd die tekens van "goedkoop genade" ('n leer oor sondevergiffenis sonder enige eis van 'n ingrypende leefstylaanpassing). Die tradisionele leer van "vryspraak slegs op grond van geloof" is sodanig geïnterpreteer dat die lewe van die gelowige geskei is van die duur eise van dissipelskap. Daarmee is die deur oopgemaak vir 'n kritieklose en onsensitiewe houding teenoor die

onhoudbare dinge wat in Nazi-Duitsland gebeur het. Daar word dikwels daarop gewys dat Bonhoeffer se beskouing oor die uitleef van dissipelskap (soos saamgevat in een van die bekendste uitsprake in *Nachfolge*: "Wanneer Christus iemand as dissipel roep, roep Hy daardie een om te sterf") tot sy eie dood, as een van die bekendste voorbeelde van eietydse Christelike martelaarskap, gelei het. Nadat hy aanvanklik gearresteer is vanweë sy vermeende rol om Jode te help vlug, is sy naam uiteindelik geïmpliseer in die sameswering wat gelei het tot die onsuksesvolle aanslag op die lewe van Hitler op 20 Julie 1944. Op 9 April 1945, drie weke voor die val van Berlyn, is Bonhoeffer tereggestel.

In *Wat dissipelskap kos* word die tema van dissipelskap in vier dele verken:

In deel een word die verband tussen genade en dissipelskap verken. *Goedkoop genade* word duidelik van "duur genade" onderskei. Goedkoop genade kom neer op die regverdiging van sonde en nie van die sondaar nie. Slegs genade doen alles en daarom kan alles maar soos in die verlede bly. Daarteenoor kom *duur genade* na vore in die vorm van 'n woord van vergifnis wat gerig is op 'n stukkend-gebreekte gees en berouvolle hart. Genade is duur, want dit verplig die gelowige om homself aan die juk van Christus te onderwerp en Hom te volg. In hierdie deel van sy werk neem Bonhoeffer mense, wat bely dat hulle deur goedkoop genade die navolging van Christus verloor het en daarmee saam ook die begrip van duur genade kwyt is, mee in 'n poging om die verhouding tussen genade en dissipelskap reg te verstaan.

In deel twee word die bergpreek (Matteus 5-7) verken. In Matteus 5 word, volgens Bonhoeffer, die "buitengewone" aard (*perisson*) van die Christelike lewenstyl beskryf. In die lewe van die gelowige kom 'n geregtigheid na vore wat meer is as wat natuurlik in die wêreld gevind kan word. Die hart van uitsonderlike uniekheid van die Christen lê in die kruis. Die *passio* in die liefde van die Gekruisigde druk die buitengewone kenmerk van die Christelike lewe uit. Daardeur word gelowiges in staat gestel om die pad van lyding te loop en die heersende samelewing te oorwin deur die groter krag van allesopofferende liefde. In Matteus 6 kom die onopsigtelike aspek van die geloofslewe en die geregtigheid wat daarmee gepaard gaan (*haplous*), na vore. Hier kom die verhouding tussen die sigbare aspek (dit is immers buitengewoon) en die onsigbare aspek (dit gaan nie in hoogmoedige selfgerigtheid op nie) van dissipelskap ter sprake. Bonhoeffer verken Matteus 7 vanuit die vraag of die afson-

dering van Christene ten opsigte van die res van die samelewing beteken dat hulle spesiale regte en voorregte ontvang.

In deel drie word die implikasies van dissipelskap in die lewe van die boodskappers wat geroep is om die oes in te bring, vanuit Matteus 9:35-10:42, aan die orde gebring. In hierdie hoofdeel wys Bonhoeffer daarop dat Jesus se liefde iets heeltemal anders is as die oorentoesiasme en ywer van die gestuurdes se hart. Die gestuurdes het nie die vryheid om hulle werk aan te pak soos hulle wil nie. Hulle werk is Christuswerk en daarom bring dit hulle volledig binne Jesus se wil. Die versekering dat die gestuurdes se lyding soos hulle Heer s’n sal wees, is hulle grootste troos. In deelgenootskap aan die lyding van Jesus sal hulle in alle dinge soos Christus wees.

In deel vier word die manier waarop dissipelskap organies in die lewe van die gemeente as liggaam van Christus funksioneer, bespreek. Christus se roeping tot dissipelskap geskied deur die prediking van die kerk en die bediening van die sakramente. In die prediking en sakramente word die verheerlikte, oorwinnende en lewende Here ontmoet. Niemand anders nie as Christus self roep ons om Hom te volg. Bonhoeffer eindig die boek met sy gedagtes rondom Romeine 8:28-29: Ons kan slegs wees wat Christus was, omdat Hy geword het soos ons was. Vir Bonhoeffer is daar geen hoër verbintenis as die verbintenis aan Christus nie. Wanneer ons Jesus Christus volg en die beeld dra van die Here wat mens geword het, gekruisig is en opgestaan het, mag ons uiteindelik sê dat ons geroep is om werklik “nabootsers van God” te wees.

In sy geheel is *Wat dissipelskap kos* ’n waardevolle skat wat die volle omvang van geloofsverbondheid met Christus oopmaak vir ’n gelowige wat worstel met sy/haar gebrek aan oorgawe. Dit moet goed besef word dat Bonhoeffer se kwalifisering van ’n dissipelskap wat op die dood uitloop, nie verwar moet word met vreugdeloosheid, selfopgelegde martelaarskap en die letterlike prysgee van die lewe nie. Dit gaan vir hom oor die opgee van ou verbintenisse en selfgesentreerde, gemaklike lewenspatrone. Om Jesus te volg loop uit op ons grootste vreugde. Ons is nie langer belas met selfgemaakte wette en eiegeregtigheid nie, maar ons dra die sagte las van die Een wat ons ken en wat Homself onder dieselfde juk geplaas het. Dit is juis die vreugdevolle gemeenskap met Hom wat ontsluit word wanneer sy dissipels hulle kruis opneem.

# Interdisciplinary research in water resources

**Jonker, Lewis & Manzunu, Emmanuel.** 2008. **Playing the water dance.** Stellenbosch: Sun Press. 89 p. Price: R150,00.
ISBN: 978-1-920109-95-0.

**Reviewer**: E.S. van Eeden
School of Basic Sciences, Vaal Triangle Campus, North-West University

This is indeed a very catchy title for a rather serious and – most of times – a time consuming and energising process of doing and facilitating research in water from many disciplinary angles. The WaterNet funded the publication of this book. Five authors contributed, namely Lewis Jonker (zoologist and educationist at the University of the Western Cape), Emmanuel Mazungu (a research associate from the Netherlands working in Zimbabwe), Lorna Holtman (a postgraduate of the University of the Western Cape), Innocent Nhapi (from the Faculty of Applied Sciences in Rwanda) and Hubert Savenuey (representing the Water Resources Section of the Delft University of Technology and Unesco). WaterNet promotes Integrated Water Resources Management (IWRM) to support the process of developing research guidelines and aids that compliments a variety of disciplines' way of doing research and drawing conclusions. *Playing the water dance* was such an effort by the leading authors Jonker and Manzunu.

A key concern as motivation for the development of *Playing the water dance* was the need for a systematic research process in the relation of water to people among researchers of different academic backgrounds doing water research together under the banner of an interdisciplinary methodology. The authors expressed the hope that policy-makers, planners and members of society would also use *Playing the water dance*. However, it will probably mainly be the academic researcher that should benefit the most. This "broader" utility focus is wining somewhat when the authors, on p. xvi, turn the discussion into another direction by stating: "The idea of this guide was not to produce a treatise on conducting research in this wide and interesting field. Rather the guide provides important hints on how to undertake research". The "how" in so far then as research in water-focused themes is concerned as viewed from an interdisci-

plinary angle, becomes a second priority in the publication. Therefore, most chapters of Parts 1, 2 and 3 (accept for Chapters 4 and 7) can be seen as familiar texts to every postgraduate student in all institutions dealing with research.

Two key differences that distinguish this "guide" from the ordinary postgraduate research guide are the easy-going way in which it is written and secondly the more expansive and valuable Chapter 4 that explicitly focuses on important aspects of dealing with water as an interdisciplinary research theme in the field. However, the authors fail to be more specific about "interdisciplinary" other than the short section 1.4 in which the interdisciplinary approach is boosted. The authors expressed critique against past "interdisciplinary" and "multidisciplinary" studies because these works express a so-called lack of understanding of the "intricacies involved in relation to how people use water". Young researchers finding their way into interdisciplinary research and representing different disciplines and under-graduate training would certainly want to know how their discipline could contribute to *Playing the water dance*. Obviously, it can become a daunting task to describe research possibilities in a specific theme such as water in all disciplines. An effort to acknowledge the variety and to describe their key utility worth within a theme such as water could provide a solid backing for a continuation of this discussion guide on how to deal with interdisciplinary research. In addition, note should be taken of the constraints among all disciplines regarding an accepted methodology, and an accommodation of methodology not familiar to one's research repertoire as challenges. A lack thereof is part and parcel of the reasons why some past "interdisciplinary efforts" have failed.

In Chapter 1 of *Playing the water dance* the interdisciplinary possibility is totally absent. It rather reflects well-known current trends in all disciplines, namely a focus on research in example water-based themes with a subject focus angle. It does not provide guidelines for that specific interdisciplinary touch to a theme. To not devote sufficient space to some theory and an impression on concepts and the theory of interdisciplinary research (according to the author's statement on p. 9), do not suffice. This "guideline" or "reader" is precisely the correct platform for just doing that, rather than going into detail in basic content that most postgraduate researchers are perhaps familiar with when writing a research proposal.

If, according to *Playing the water dance*, "better research practice in institutionalising interdisciplinary research" is to be the focus (p. xvi) "to be developed fully" (p. 8), then theory and practice must be

equally valued in a publication of this nature. It simply is not possible to understand and apply the one without the other. As a result the following questions, as examples of questions by young postgraduate researchers and their promoters/facilitators on Chapters 2 to 6, may be expected because of vague and incomplete explanations or/and information:

- How do I develop a notion of interdisciplinary consideration into my research proposal? As it stands in the publication, it reflects the subject only.
- Why do you call a topic "interdisciplinary research" but state that "(i)nterdisciplinary research does not mean that all disciplines need to be included"? (p. 8). Does it mean a few can be included or nothing at all when you deal with a theme outside the boundaries of your subject but at least focus on people?
- The methodology of all disciplines/major science groupings in certain faculty boundaries do not appear in Chapter 4, neither in Chapter 3 (p. 28 top as example), nor as a possibility of a newly created combined design that may fit all shoes doing interdisciplinary research on the same theme but from various angles. The problem reflects itself in Chapters 4 and 5 where methodology applications only relate to some disciplines. The question then is how do you go about with research content that for example deals with the human side in research themes or deals with trends and historical events rather than models and theories (compare for example Section 5.6)?

To have insight in a "problem related water issue" is not going to solve it by existing and new theories only, but rather through an efficient methodological approach accepted by all faculties to marry research on a specific topic to theory in an integrated way. Whether the authors regard it as feasible or not, it was and is necessary to guide researchers through the methodology by providing some fundamental background on exactly what is perceived by "interdisciplinary" and how/why it can (or is said to be able to) accommodate all disciplines in the research design structure. After all is said and done with, *Playing the water dance* definitely serves as a newly created basis from which the conducting of interdisciplinary research in water resources management can be done with the intention to debate, improve and eventually constructively build on these first valuable strides taken.

# Etiese leierskap in Suid-Afrika onder die soeklig

**Dames, Gordon E.,** ***ed.*** 2009**. Ethical leadership and the challenges of moral transformation.** Stellenbosch: Sun Press. 159 p. Prys: R150,00. ISBN: 978-1-920338-02-2.

**Resensent**: J. Zaaiman
Skool vir Sosiale en Owerheidstudies,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

’n Boek oor etiese leierskap is baie tydig vir die uitdagings wat Suid-Afrika tans die hoof moet bied. Die verskyning van *Ethical leadership and the challenges of moral transformation* onder die redakteurskap van dr. Gordon E. Dames stimuleer waardevolle nadenke oor hoe hierdie uitdagings in Suid-Afrika hanteer kan word.

Die boek is die produk van die Ethical Leadership Project (ELP) wat by die Cape Peninsula University of Technology gevestig is. Die meeste van die skrywers van hierdie boek is verbonde aan Wes-Kaapse universiteite en instellings.

Die boek bestaan uit drie afdelings. Die eerste afdeling van die boek, *The habitats of ethical leadership*, beoog om ’n oorsig te bied van die omgewings waarin morele en sosiale kapitaal in die Suid-Afrikaanse samelewing opgebou kan word. Nico Koopman beklemtoon in sy hoofstuk hoe belangrik dit is dat gesinne moet deel in ’n samelewingsvisie wat gerig is op die menswaardigheid van almal, om dit na te jaag en deel te neem aan besluitneming daaroor. Hierin skep gesinsdisfunksionering ’n probleem. Tog moet gesinne hulle sterktes en bronne ontgin en hierin deur godsdienstige organisasies ondersteun word. Rudi Buys fokus op die jeug se bydrae. Hy dui aan dat 41% van Suid-Afrika se bevolking jeugdig is en soos in die verlede innoverende insette en volgehoue energie tot morele kwessies sou wou bydra. Die ontsluiting van die jeug se potensiaal kan ten beste geskied binne die konteks van geïntegreerde ontwikkeling. Daarin moet die jeug van die begin af deelnemers wees en positiewe mentorskap ontvang. Verder moet hulle gedagtewêreld gedekolonialiseer word. Clint le Bruyns meen dat godsdienstige gemeenskappe bedienaars van hoop en genesing behoort te wees – hierdeur kan ’n diep behoefte in die Suid-Afrikaanse samelewing hanteer word. Verdraagsaamheid is veral ’n deug wat deur gods-

dienstige organisasies bevorder kan word, maar ongelukkig blyk dit juis ’n probleem binne sulke organisasies te wees. Die uitdaging vir hierdie organisasies is om hulle sosiale kapitaal voortdurend vir die breër samelewing beskikbaar te stel. Tamara Shefer se hoofstuk handel hoofsaaklik oor ongelyke magsverhoudings, dwang en geweld in heteroseksualiteit en toon aan dat etiese leierskap hierin benodig word om genderongelykhede uit te skakel.

In die tweede afdeling van die boek, *Corporate and institutional ethical leadership*, word veral gefokus op instellings se bydrae tot etiese leierskap. In die eerste hoofstuk is Sue Mcwatts en Geraldine Kennedy besorg oor armoede en ongelykheid wat uit werksverhoudings spruit. Daarom pleit hulle vir eties-georiënteerde globalisering, makro-ekonomiese beleid en kollektiewe bedinging. Die volgende hoofstuk handel oor die bydrae van besigheidsetiek. Daarin oordeel Willie Esterhuysen dat midde-in die kulturele en geloofsdiversiteit van Suid-Afrika ’n nasionale konsensus nodig is vir morele leierskap en dat die menseregte-akte daarin rigtinggewend kan wees. Oliver William wys op die toenemende belangrikheid van korporatiewe sosiale verantwoordelikheid en die potensiaal daarvan om etiese leierskapsrolle te ondersteun. Jannie Myburg wys daarop dat besighede se etiese beleid daarop moet berus om mense, omgewing en wins as ewe belangrik te beskou. Gordon Dames voeg by dat korporatiewe en sosiale kapitaal mekaar moet aanvul om ’n eties-suksesvolle samelewing te skep. In die laaste hoofstuk in hierdie afdeling verduidelik Courtney Sampson dat politieke leierskap in Suid-Afrika oorgangsprobleme ervaar. Leierskap wat vroeër deur opoffering en lyding gekenmerk was, staan nou voor die versoeking van bevoorregting en rykdom. Daarom lê hy klem op die media se verantwoordelikheid om ’n rol in die skep van ’n moreel-getransformeerde samelewing te speel.

In die laaste afdeling van die boek, *Ethical leadership formation*, argumenteer Colleen Howell dat die onderwysstelsel in Suid-Afrika die ongelykhede van die verlede moet aansny deur sensitief te wees vir die diverse behoeftes van leerders met betrekking tot leer. Verder moet die leerders demokratiese beginsels geleer word waardeur ’n nuwe psigo-sosiale ruimte en waardestelsel geskep kan word.

Die uitgangspunt van die boek is dat Suid-Afrika voor ernstige morele uitdagings staan wat eerder meer as minder gaan word. ’n Oproep word gemaak vir ’n terugkeer na die filosofie van *ubuntu* met die doel om ’n regverdige en mensliewende samelewing te skep. Hierdie filosofie word as vanselfsprekend aanvaar en nie in die boek behandel nie. Dit is ook nie duidelik of al die skrywers se bydraes

regtig met hierdie uitgangspunt verband hou nie. Die bydraes blyk eerder asof dit uit die ELP se deelnemende navorsingsprojekte vanaf 2005 tot 2008 spruit en ’n poging is om die resultate van hierdie navorsing weer te gee. Verskeie rolspelers en groeperings word aan die woord gestel en verskillende gesigspunte word weergegee. Die bydraes in die boek vorm dus nie ’n teoretiese geheel nie, maar bied ’n goeie perspektief op die breë problematiek van etiese leierskap en morele transformasie en hoedat verskillende sektore op verskillende wyses ’n bydrae kan lewer om dit te hanteer. Hoewel na die erns van armoede en ongelykheid verwys word, is dit ’n leemte in die boek dat die saak van sosio-ekonomiese klasvorming en die mag van sosio-ekonomiese subkulture nie genoegsaam verwoord word nie.

Hierdie is ’n goeie inleidende en toeganklike boek oor die eietydse uitdagings vir etiese leierskap in Suid-Afrika. Dit is prakties van aard en die teoretisering daarin is inleidend en toeganklik. Die boek kan beslis aanbeveel word vir enigiemand, binne of buite die akademie, wat daarin sou belangstel om ingelig te word oor hoedanig die knellende morele uitdagings in Suid-Afrika hanteer sou kon word.

# Hulde aan ’n merkwaardige leier

**Van Schoor, M.C.E.** 2009**. Marthinus Theunis Steyn: regsman, staatsman en volksman.** Pretoria: Protea Boekhuis. 448 p.
Prys: R200,00. ISBN: 978-1-86919-310-2.

**Resensent**: A. Wessels
Departement Geskiedenis,
Universiteit van die Vrystaat

Enkele weke voor sy dood op 25 Julie 2009 het professor M.C.E. (Tienie) van Schoor (1920-2009) se laaste boek, naamlik ’n omvangryke biografie oor president M.T. Steyn (1857-1916), die lig gesien. Met hierdie uitgebreide werk van 448 bladsye (plus 24 glansbladsye met 48 foto’s en een skets) het Tienie van Schoor die kroon gespan op sy jarelange navorsing oor die *Vrystaatse driemanskap*, te wete die staatsman/regsman/volksman M.T. Steyn, die krygsman/volksman C.R. de Wet en die kerkman/volksman J.D. Kestell. Sy navorsing het neerslag gevind in ’n hele aantal besondere publikasies, insluitende *John Daniël Kestell 1854-1941: outobiografies beskryf* (Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boere-

republieke, 1992); *’n Bittereinder aan die Woord: geskrifte en toesprake van Marthinus Theunis Steyn* (Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1997); *Die stryd tussen Boer en Brit: die herinneringe van die Boere-generaal C.R. de Wet* (vertaal, geredigeer en van verklarende aantekeninge voorsien deur M.C.E. van Schoor, Kaapstad: Tafelberg, 1999); die biografie *Christiaan Rudolph de Wet: krygsman en volksman* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2007); en nou die M.T. Steyn-biografie wat die onderwerp van hierdie resensie is.

Van Schoor bied sy navorsingsresultate op ’n tradisionele, chronologiese wyse aan. Die lewensverhaal van Marthinus Theunis Steyn, die laaste staatspresident van die Vrystaatse Boererepubliek, word aan die hand van 21 hoofstukke verwoord. Die eerste vier hoofstukke is onderskeidelik getitel “Geboorte en jeug”, “Van boer tot regter”, “’n Vrystater as staatspresident” en “’n Progressiewe staatsman”. Daarna volg drie hoofstukke waarin Steyn (“Verbete yweraar vir vrede”) se rol in die aanloop tot die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902 ontleed word, met die klem op Steyn se herhaalde, dog uiteindelik onsuksesvolle pogings om gewapende konflik te voorkom. Vervolgens word sewe hoofstukke aan Steyn se rol tydens hierdie verwoestende en traumatiese stryd afgestaan. Hieruit word dit veral duidelik dat hy en generaal Christiaan de Wet in meer as een opsig simbole van die republikeinse versetstryd geword het en dat die oorlog Steyn se gesondheid erg ondermyn het. In die laaste sewe hoofstukke van die boek word gelet op Steyn se rol na afloop van die oorlog tot en met sy dood in 1916, met die aksent op sy bydrae tot die heropbou van die voormalige Boererepublieke en sy aandeel in Uniewording.

In die kort voorwoord (p. 7) stel Van Schoor dit onomwonde dat hierdie “lesersvriendelike werk se oorheersende oogmerk is [ … ] dat Marthinus Theunis [Steyn] se lewe, strewe en ideale as inspirasie sal dien – hy wat as die eerste ware Afrikaner bestempel is”. Dit verklaar (ten minste gedeeltelik) die ietwat vreemde uitgangspunt, naamlik dat “Die opset van die werk [...] nie [was] om aan die eise van historici te voldoen nie”, en die feit dat daar (ongelukkig) geen bronverwysings in die vorm van voet- of endnote is nie, hoewel daar tog ’n nuttige bronnelys (p. 435-439) en ’n handige persoons- en pleknaamregister (p. 441-448) is.

Op aangrypende wyse ontvou die lewe en werk van die merkwaardige Marthinus Theunis Steyn – danksy Van Schoor se meesleurende skryfstyl. Voeg daarby Van Schoor se besondere insig in die karakter, ideale en menswees van die Vrystaatse republiek se

laaste staatspresident, en dit is geen wonder nie dat die leser op boeiende wyse betrek word by M.T. Steyn se kleurvolle, soms aangrypende, soms tragiese lewensverhaal. Hoewel hierdie biografie uiteraard op Steyn fokus, is die werk tegelyk ook die verhaal van die Oranje-Vrystaat as Boererepubliek – en uiteindelik ook die verhaal van die vorming van die uiteindelike Unie van Suid-Afrika. Soos vandag, het Suid-Afrika ’n eeu gelede ook ’n periode van transformasie beleef én oorleef, met al die gepaardgaande *Sturm und Drang* en onsekerhede – onder meer danksy die standvastigheid, voorbeeld en wyse optrede van mense soos Marthinus Theunis Steyn.

Tienie van Schoor se besondere biografie oor Marthinus Theunis Steyn sal hopelik ’n nuwe geslag lesers aan ’n knap regsman, wyse staatsman en geliefde volksman bekendstel, en hulle terselfdertyd aan die gees en atmosfeer van ’n verbygegane, dog besonder belangrike era in die geskiedenis van alle Suid-Afrikaners blootstel. Hierdie aangrypende boek is ’n onvergeetlike leeservaring en hoort inderdaad op elke geskiedenisliefhebber se rak. Die biografie bevestig nie slegs die merkwaardige rol wat M.T. Steyn in die geskiedenis van sowel die Vrystaat as die jong Suid-Afrika gespeel het nie, maar span tegelyk ook die kroon op die jarelange arbeid van M.C.E. van Schoor, een van Suid-Afrika se mees vooraanstaande historici; iemand wat letterlik tot die bittereinde navorsing gedoen en bly skryf het oor sy land en sy mense vir wie hy alles veil gehad het.

# Die vrygewige vuur en sy skadu

**Versfeld, Martin.** 2009. **Pots and poetry and other essays.**
Pretoria: Protea Book House. 172 p. Price: R150,00.
ISBN: 978-1-86919-319-5.

**Resensent**: H. Hoogstad
Skool vir Filosofie, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

“*Poiesis* means ‘making’, and we make pies as well as poems”, sê Versfeld in sy essay *Pots and poetry*. Ons is nie uit niks geskep nie. Ons wese wys eerder na ’n fundamentele vrygewigheid, ’n oorvloei van liefde, verklaar Versfeld, soortgelyk aan Jim Olthuis se gebruik van *creatio ex amore*. Hierdie skeppingsvuur lê vir Versfeld ten grondslag van die mens wat in sy/haar skeppingsoptrede God in die

besondere van dinge vind. Alle dinge is intiem verbind deur die Woord se teenwoordigheid daarin – alhoewel te veel woorde in die pad daarvan kan kom: die wêreld is deur God uitgespreek, maar ons kan God nie uitspreek nie.

*Pots and poetry and other essays* is 'n versameling van twaalf essays deur Martin Versfeld. Die eerste essay vertel van goeie koolbredie, kommunikasie, verbinding en gees, Kaapse kookkuns, Plato, Thomas van Aquino met sy boepmagie, Augustinus, vryheid en die Upanishads. In verdere essays word gemaklik voortgeskrywe oor skynbaar uiteenlopende dinge soos klippe, seksuele kommodifisering, joga, tyd, welvaart en die universiteit, met tussendeur 'n deurvlegting van spitsvondighede en grondige kritiek op die samelewing.

Dit is vir Versfeld duidelik dat niemand alleen is nie. Elkeen is gegee in 'n omgewing waarin sowel die syn as die omgewing, die syn tot syn maak en die omgewing tot omgewing. Ons wêreld word ook menslik geskep en reflekteer sosiale verhoudings. Die potensiële spanning tussen die onegte skepper-mens, of ego, en die besielde, ware self veroorsaak dat die mens óf as kreatiewe *imago Dei* in wysheid, skoonheid en moed kan skep, óf as onegte skadu kan domineer.

Teen hierdie "skaduvorme" spreek Versfeld hom sterk uit. 'n Belangrike tema in die werk is sy kritiek op die ego en die Westerse samelewing wat beheers word deur 'n ideologie van begeerte, veral 'n magslus, 'n sensasielus en 'n begeerte na kennis. Hierdie trio vorm die basis van 'n wetenskapsbeoefening waarin die teenoormekaarstelling van subjek en ego daartoe lei dat die ander (en uiteindelik ook die self) uitgesluit word en tot besitting gemaak word. So 'n wetenskap is 'n nuttige middel in ons "acquisitive", "rapist society", waarin welvaart en uitsluiting as sekuriteit teen angs en bedreiging dien. Tekenend van hierdie samelewing is die belangrikheid van 'n eenvormige massamens en massamedia met 'n bykans kolonialistiese dominering waarin onvryheid en vrygewigheid teenoor mekaar gestel kan word. Hier is tyd, geld en ons haastigheid 'n teken van 'n liefdelose wêreld.

Legalisme en moralisme is bloot tekenend van die verdeelde self waar die verkragte toestand waarin ons verkeer sy oorsprong vind. Bevryding van die siel, die ware self, lê vir Versfeld in die verenigde self wat die bron van spontaneïteit is waaruit kreatiwiteit, eerder as kontrole en beheer, vloei. Hieroor skryf Versfeld:

> We talk about faith in God, but what about the faith of God in creating? What a chancer! We must keep step in confidence with the Great Chancer. Risk, not planning, is the only security.
>
> To say that man is born free is to say that he is a risk that God took. After all, he is the image of God. He is only really himself in so far as he responds to the risk to which he owes his being. And the biggest risk is losing himself in generosity. ... Self-preservation may be a primary law, but we have two selves, and it is fatal to choose the wrong one. History is the miserable story of men's shifts to save their egos instead of their souls. It is a story of rape. It is redeemed by one man who repeated the Divine risk of creation, and was crucified for this generosity. That generosity is the seed of all hope.

Dit beteken dat bewaring van sowel ons natuurlike as sosiale omgewing nie soseer oor die oprig van heinings gaan nie, maar eerder oor die neem van risiko's, omdat bewaring ook skepping is. Met die essensie van opvoeding as avontuur word die "ontwikkelingsprobleem" anders gedink: nie gebruik nie, maar omgee; nie besitting nie, maar gawe; nie respektabelheid as enigste kritiek nie, maar dalk die droom van 'n anargie van liefde. Inderdaad, "caress the ingredients rather than try to dominate them"!

*Pots and poetry and other essays* val nie netjies in 'n kategorie nie. Die verteltrant en deurspektheid met die alledaagse doen geen afbreuk aan die filosofiese diepgang van die werk nie. Inteendeel. Versfeld laat (vir ons) bekende Westerse filosowe soos Sokrates, Plato, Aristoteles, Herakleitos, Augustinus, Thomas van Aquino, Descartes, Hobbes en Bacon op 'n verkennende wyse saampraat met Oosterse denkers soos Confucius, Lao-tzu, Chuang Tzu en Baal Shem. Hy laat hierdie werklikheidsbeskouings só meepraat dat nuwe verstaansmoontlikhede vir die leser oopgaan, eerder as om abstrak-teoreties te wys op grensvoorwaardes vir hulle sintese. Martin Versfeld self is moeilik tipeerbaar en maak op 'n besondere manier gebruik van, onder meer, neo-Platonistiese idees, asook van Augustinus en Thomas van Aquino se teorieë. Versfeld raak van die belangrikste temas in die kontemporêre filosofie op 'n oorspronklike wyse aan en tree sodoende in gesprek met die neo-Marxiste, Lyotard, Foucault, Derrida, Jean-Luc Marion en Jim Olthuis – en dit met 'n Suid-Afrikaanse gewortheldheid wat hieraan 'n besondere waarde verleen.

Plek-plek hinder veralgemenings, veral waar dieselfde gedagte sonder verdieping of verryking in meer as een essay voorkom. Die werk is nie bedoel as 'n filosofies-wetenskaplike logiese argument nie,

maar interessante, moontlik te "maklike" koppelings, byvoorbeeld van die transendente en die immanente, hinder tog. Die voetnotas wat verwys na meer akademiese of uitgebreide werke waarin Versfeld se idees verder opgevolg kon word, was hier egter baie nuttig. Met die onlangse, aantreklike herdruk van 'n aantal van Versfeld se werke is 'n nuwe generasie lesers besig om sy werk te ontdek. Die uitgewers kon gerus 'n vollediger lys van sy populêre en meer akademiese geskrifte bygevoeg het.

Dit is 'n genot om *Pots and Poetry and other essays* te lees. Die temas wat Versfeld aanraak is relevant en daag heelwat van ons samelewing se vooropgestelde idees uit. Nie al die skrywers waarna hy verwys het, sal vir lesers ewe bekend wees nie, en heelwat waarde lê in die popularisering van sy "vondste".

Die werk is toeganklik vir 'n wye leserspubliek en wie ook al geïnteresseerd is in filosofiese kwessies, religie in 'n mens se lewe, lyding en ongeregtigheid in die samelewing, liefde en opmerkings soos Derrida se "in the beginning was the telephone". Martin Versfeld sou in 2009 'n eeu oud gewees het. *Pots and poetry and other essays* is 'n inspirerende boek waarin hierdie Suid-Afrikaanse filosoof se eiesoortige styl en oorspronklike idees kan deel vorm van kontemporêre gesprekke oor kernkwessies.

# Securing the regional maritime landscape

**Potgieter, Thean & Pommerin, Reiner, *eds.*** 2009. **Maritime security in Southern African waters.** Stellenbosch: Sun Press. 142 p. Price: R150,00. ISBN: 978-1-920338-05-32.

**Reviewer**: T. Neethling
Department of Political Science,
University of the Free State

Much of the well-being of communities worldwide is dependent on the sea. The bulk of the world's global trade, approximately 80%, moves by water and the sea contains profound wealth in terms of natural resources (e.g. protein) and energy. Another fact is that globalisation and maritime trade are increasingly showing a closer interface. Maritime security along Africa's coast line is, thus, of the utmost importance. Growing activities of piracy around Africa's eastern and western coastal waters, especially since 2008, have in-

creasingly threatened vital global commercial sea lines and international trade. The disturbing increasing rate of piracy and armed robbery along Africa's coastline further means that the African continent is currently paying a severe penalty in strategic and economic terms. The severity of maritime insecurity has compelled various role players in the international community to actively ponder and pursue solutions to the problem. It has also sparked a number of South African scholars and maritime practitioners to focus on the phenomenon of maritime insecurity along Africa's coast lines and the effect thereof in African waters.

This is the background of *Maritime security in Southern African waters* which contains the proceedings of a conference hosted at Stellenbosch University in July 2008. It includes a collection of diverse papers from academics and practitioners addressing topics from port security and the economic dimensions of maritime security to the African experience of piracy. The introductory paper by the Chief of the South African Navy, Vice Admiral Johannes Modimu, emphasises the point that on the one hand there is a boom in maritime trade and shipping in the global context, and on the other hand there is the countervailing trend of maritime insecurity in all its facets in African waters. As Chief of the SA Navy, Modimu is obviously directly concerned with South Africa's role in securing maritime affairs in Southern Africa and he rightly stresses the point of good oceans governance for regional security. Thean Potgieter, a military historian and co-editor of the proceedings, brings a more scholarly flavour to the topic under review by focusing on the concept of maritime security and analysing the origin and nature of maritime problems in the Horn of Africa region (the Somalian coast) as a case study. André Roux, an academic and well-known for his expertise in defence economics, provides a solid and scholarly perspective on selected economic dimensions of maritime security. The economic contribution of the fishing sector is also highlighted as validation of the continued importance of the world's marine resources.

These contributions are followed by that of Castro Kwela, a maritime practitioner from Durban, who adds to the collection of essays by focusing on the importance of port security to maritime security, and specifically on how the port of Durban has to function as an effective and efficient business unit in a secure environment. Helmoed Römer Heitman, one of South Africa's most authoritative defence analysts, examines the role of the SA Navy in the context of South Africa's role as a regional power, with the responsibility that comes with that

status. He argues that the SA Navy should regard itself as a regional navy and that it should develop itself within such a paradigm. André de Wet's contribution is a perspective from a senior naval officer in the SA Navy and aimed at answering the frequently asked question on how South Africa intends to utilise its newly-acquired submarines. He provides some insight on how submarines can add value to a collective effort to protect the maritime security of the RSA. In addition to this perspective, Rear Admiral Patricio Yotano, Chief of the Mozambican Navy, explains how Mozambique as a country is affected by maritime challenges being without a powerful capacity to assert naval power. He also views his country's position in terms of dealing with maritime insecurity in the Southern African context.

The following three contributions are of an academic nature: Carol Alias, a sociologist, deals with illicit trade, smuggling and human trafficking, which often coincides with inadequately monitored borders. The subsequent contributions by Henri Fouché and Francois Vreÿ, both academics and recognised scholars in the field of piracy in the shipping lanes off the coasts of Africa, are particularly well-researched. Both make some insightful contributions to exploring and understanding the factors contributing to the phenomenon of piracy in African waters. It is evident from these contributions that states are primary agents of good order at sea through good governance and professional naval forces, and that serious challenges are facing the African continent in this regard.

The last three contributions come from seasoned maritime practitioners. Francois Hugo adds to the work of Fouché and Vreÿ by presenting perspectives on current thinking on asymmetric warfare on the one hand, and terror and maritime crime or piracy on the other. In an interesting and topical article he also considers some of the potential scenarios (and some counter strategies, especially intelligence) for South Africa as the designated host for the Soccer World Cup in 2010. Martin Purves explores illegal, unreported and unregulated fishing as a global issue with many harmful, environmental, economic and social impacts – particularly for the African continent. Finally, Henning Waschk considers contemporary maritime security challenges in the global context and provides an overview of naval shipbuilding in the light of current-day maritime challenges.

All in all, this publication covers a wide range of issues relating to maritime (in)security that coincide with broader global maritime security debates, which has provoked public and media attention as

a result of piracy around the Horn of Africa especially, but also along much of the African coast. These issues remain topical as role players continue to address issues of regional and international co-operation. Although many important issues are not covered in the publication, the editors nonetheless succeed in their attempt to record a number of interesting conference papers that intended to examine and reflect on current challenges in the (Southern) African maritime context. The value of the publication lies in the wide spectrum of scholarly and practitioners' perspectives offered on issues in the field of maritime security. Scholars, practitioners, policy makers and others in search of a better and deeper understanding of (Southern) Africa's maritime security context and challenges may find this a stimulating source. The editors present a publication that discerns important relationships among the relevant issues and role players, generates possibilities for policy action and co-operation among relevant role players, and operates easily in the conceptual realm from a reader's point of view.